education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

TOERISME

RIGLYNE VIR
PRAKTIESE ASSESSERINGTAAK

2010

Hierdie riglyne bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

1. DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK VIR TOERISME

Die Praktiese Assesseringstaak behoort die leerders se begrip van die Toerismebedryf as 'n dinamiese ekonomiese sektor te toon. Dit moet die kennis, waardes en vaardighede wat leerders in graad 10, 11 en 12 oor Toerisme as 'n multi-fasetbedryf opgedoen het, aanvul.

Dit moet geleentheid skep vir leerders om betrokke te raak in die lewe buite die klaskamer deur verskeie werklike wêreldUitdagings te ondersoek en lewensvaardighede te ontwikkel.

2. OORSIG

Vir die Praktiese Assesseringstaak in 2010 moet leerders 'n toer beplan vir 2 getroude paartjies van Brasilië gedurende die Wêreldbeker-sokkertoernooi. Hierdie paartjies is sokkergeesdriftiges en is ook geïnteresseerd in wildlewe en fotografie. Hulle sal twee Wêreldbeker-sokkerwedstryde bywoon, 'n wildpark in Suid-Afrika besoek en dan 'n avontuur in Mosambiek ervaar. Die tydsduur van die toer moet 'n minimum van 11 dae wees.

3. BEPLANNING VAN DIE TAAK

1. Die onderwyser moet leiding gee in al die fases van die taak.
2. Die skool moet die bronne verskaf. Leerders mag addisionele bronne gebruik mits hulle daartoe toegang het.
3. Leerders moet die PAT in die 2de en 3de kwartaal voltooi, volgens tydsraamwerke vir elke gedeelte van die taak soos deur die skool en distrik bepaal.
4. Die onderwyser moet gereelde periodes identifiseer, bv. 'n dubbelperiode elke tweede week, vir leerders om onder sy/haar toesig aan die PAT te werk.
5. Alternatiewelik kan die onderwyser 3 - 4 weke opsysit om aan die PAT te werk. Dit kan in die 2de of aan die begin van die 3de kwartaal gedoen word.
6. Die PAT sluit klaswerk sowel as huiswerk in.
7. Die PAT vir 2010 vereis die beplanning van 'n toer in Suider-Afrika.
8. Inhoud van graad 10 en 11 mag ingesluit word as dit onderliggende kennis vir die inhoud van graad 12 verskaf.

4. BRONNE VIR DIE TAAK

- Enige 2007-, 2008-, 2009- of 2010-uitgawe van die *GSA Travel Marketing* tydskrif
- 'n Padkaart van Suid-Afrika en Mosambiek
- Kokipenne
- Aansoekvorms vir 'n Suid-Afrikaanse visum
- In-vlug-tydskrifte, reistydskrifte, die wêreldtydsonekaart in die telefoongids, advertensies, brosjures, ens.
- 'n Program/skedule van die Wêreldbeker-sokkerwedstryde wat in 2010 in Suid-Afrika gespeel gaan word
- Inligting oor wildparke in Suid-Afrika
- Inligting oor avontuurtoerisme in Mosambiek

Vorige uitgawes van die *GSA Travel Marketing* Tydskrif (wat maandeliks gepubliseer word) kan in grootmaat deur die onderwyser teen 'n verminderde koste vanaf GSA Marketing bestel word: Telefoon 011 4425200; Faks 011 4427295; Posadres: Posbus 1542, Parklands, 2121 of besoek www.the-gsa.co.za. Leerders moenie self bel of individuele bestellings plaas nie.

Aansoekvorms vir ’n Suid-Afrikaanse visum kan verkry word vanaf die departement van binnelandse sake of op hulle Internetwebtuiste (www.home-affairs.gov.za)

ASSESSERINGSBLAD

Fase 1

Vraag		Antwoord	Punte	
1	Voorblad	Naam van besigheid√, datums van toer√, naam van kliënte√, naam van toer√, vertrekpunt en bestemming√, kreatief√. Trek punte af vir spelfoute en slordige werk.	5	
	Inleidings-bladsy	Uitstekende oorsig van die toer: Noem Wêreldbeker-sokkergebeure, wildparke en avontuur in Mosambiek. Inleidingsbladsy moet kliënte aanmoedig om op hierdie toer te gaan. Trek punte af vir spelfoute en slordige werk.	5	

2	Roetebeplanning en roetekaart	• Roete vanaf aankoms tot vertrek moet duidelik aangedui word.
		  • Alle lughawens wat gebruik word (4)
		  • Alle plekke / dorpe vir akkommodasie *(punte word by nr 7 toegeken)*
		  • Roete na wildpark (1)
		  • Roete na sokkerwedstryde (3)
		  • Roete na Mosambiek en terug tot by OR Tambo-lughawe (2)
		• Berekening van die geskatte totale afstand wat per pad gereis word. (2)
		• *Die kaart moet begrip toon vir 'n logiese roetebeplanning en realistiese daaglikse reisafstande (± 100 km word in een uur gery)* (3)
			15	

3	Wedstryd teen Brasilië	• Naam van die stadion en die stad (2) • Enige drie spesiale kenmerke van hierdie stadion, (3) met illustrasies / prente/ foto's van die stadion (2) • Naam van die span wat teen Brasilië speel en hul land van herkoms (2) • Kort **paragraaf** √ oor die ligging van die stadion in terme van omliggende infrastruktuur√ en besighede√ wat vir jou kliënte van belang sal wees. (3) • Pryse van kaartjies (realistiese geskatte pryse is aanvaarbaar) (1) • Begintyd van die wedstryd in Suid-Afrika en plaaslike tyd in Brasilië. Wys berekenings (2)	**15**	
4	Wedstryd waarna gekyk gaan word in bewonderaars-park	• Die naam van die bewonderaarspark (2) • Enige interessante inligting (soos grootte van area, aantal en soort sitplekke, tipe en grootte van skerm, ander fasiliteite beskikbaar soos kos en drankies) (4) • Begintyd van die wedstryd in Suid-Afrika en plaaslike tyd in Brasilië. Wys berekenings. (4)	**10**	
5	Wildpark in Suid-Afrika	• Naam en ligging (2) • Illustrasies / prente / foto's (2) • Tipe park√ (beskryf watter fauna/flora in hierdie park aangetref word.)√√ (3) • Toegangsfooie na die park (geskatte fooie is aanvaarbaar) (1) • Beskrywing van drie soorte fasiliteite beskikbaar (enige, soos swembad, winkels, ens. Nie slegs fasiliteite opnoem nie – moet beskryf word, bv. groot verhitte, bedekte swembad, tariewe (Rand pp) (3) • Ander interessante feite, bv. kort geskiedenis van park, geografiese kenmerke, ander spesiale kenmerke. Uitstekende beskrywing. (4)	**15**	
6	Avontuur in Mosambiek	• Noem die soort avontuur en die ligging (2) • Uitstekende beskrywing van die avontuur (3) Illustrasies / prente / foto's (1) • Beskrywing van ander interessante feite oor hierdie avontuur soos die rol van die plaaslike gemeenskap, tipe natuur / plantegroei (3) realistiese tariewe (1)	**10**	

7	Akkommodasie	Uitstekende keuses gemaak vir akkommodasie (3- of 4-ster). Naam, ligging en stergradering van elke plek van akkommodasie. Korrek aangedui op roetekaart. (10) • Uitstekende beskrywing van 3- en 4-ster akkommodasiefasiliteite. (5) *(Die toeriste kan vir een of meer nagte in een plek oorslaap, solank dit binne bereik van die aktiwiteite is)*	**15**	
8	Internasionale tydverskille	• Uitstekende verduideliking van die konsep vlugvoosheid. (2) • Beskrywing van VIER simptome van vlugvoosheid. (4) • Maak VIER voorstelle hoe om die impak van vlugvoosheid te verminder. (4)	**10**	
		Totaal	**100**	

Fase 2

Vraag		**Antwoord**	**Punte**	
1	Suid-Afrikaanse Visum	1.1 Goeie verduideliking van die vereistes vir verkryging van 'n SA visum. (4) 1.2 Aansoekvorm vir 'n visum korrek voltooi. Trek punte af vir foute, spelfoute en slordigheid (4)	**8**	
2	Vlugte vanaf en na Brasilië	2.1 Vlugte vanaf Sao Paulo na OR Tambo Lughawe en terug na Sao Paulo, uitgelig ('highlighted") op vlugroosters. (2) 2.2 Die korrekte vluginligting vir elk van die twee vlugte is gelys: Vlugnommer√, aankoms- en vertrektye√, tydsduur van vlug (in ure), √ tipe vliegtuig√, passasierskapasiteit van die vliegtuig√, bagasieregulasies√ (6) 2.3 Korrekte berekening van SA plaaslike tyd wanneer die vlug vanaf Sao Paulo vertrek. Berekening√, antwoord√ (2) 2.4 Korrekte omskakeling van prys van EEN retoervliegkaartjie van ZAR na BRL Gee prys in ZAR√, dui wisselkoersbewerking aan om BRL te kry√, prys in BRL√ (3)	**13**	
3	Instapkaart	Instapkaart vir een van die passasiers, ten minste 12 feite (12÷2)	**6**	
4	Dag-vir-dag reisprogram	Elke dag apart uiteengesit, soos aangedui op die templaat wat voorsien is, met die volgende inligting ingesluit: • Elke dag se begin- en eindbestemming • Akkommodasie • Etes vir die dag (waar en wanneer) • Hoofattraksies en aktiwiteite vir die dag • Ontspannings- en inkopietyd (maak voorstelle) • Vervoerbesonderhede (bv. vlug, roetes, hotel pendelbus) (Plekke van akkommodasie, attraksies en aktiwiteite moet net genoem word, aangesien hulle reeds in besonderhede in fase 1 bespreek is.) (Sien aangehegte voorbeeld)	**40** 2 punte elk vir dag 1 en 11 = 4 4 punte elk vir dae 2 tot 10 = 36	
5	Motor-verhuring	Geskikte voertuig gekies om die wildpark te besoek, redes vir keuse is verduidelik. Wys slegs die volgende berekenings: 1. Tarief per dag x 3 dae √ (1) 2. Geskatte afstand wat afgelê gaan word √ - trek gratis kilometers af √ (2) 3. Kilometerkoste √ (1) 4. Versekerings √√ (2)	**7**	
6	Akkommoda-siekoste	Realistiese akkommodasiebegroting vir een paartjie. Sien aangehegte templaat. (Doen ten minste 4 dae) x 3 punte elk.	**12**	

7	Voltooide PAT	Inhoudsopgawe: Sistematies gelys√ met duidelike en korrekte bladsynommers√, Geen spelfoute / geen taalfoute√ (3) Bronne / Bibliografie (3) Uitstekende gebruik van taal. Toepaslike terminologie soos gebruik word in die toerismebedryf√√. Geen spelfoute en taalfoute√√. (4) Professionele, kreatiewe√ en logiese√ aanbieding. Baie netjies√√ (4)	**14**	
		Totaal		**100**

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING (GRAAD 10-12)

TOERISME

GRAAD 12

2010

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (PAT)

TAAK VIR LEERDERS

Kopiereg voorbehou

1. INSTRUKSIES AAN LEERDERS

1. Daar word van jou verwag om ’n toerplan saam te stel. Gebruik die inligting in die onderstaande gevallestudie as agtergrond vir jou toerplan.
2. Die kriteria (vereistes) sowel as die puntetoekenning vir elke fase word in die instruksies gegee.
3. Die taak sal in **twee fases** gedoen word.
4. Die voltooide taak moet in die derde kwartaal ingegee word op die datum soos deur die skool bepaal.

2. BRONNE

Jy sal die volgende bronne nodig kry:

- Enige 2007-, 2008-, 2009- of 2010-uitgawe van die *GSA Travel Marketing-t*ydskrif
- ’n Padkaart van Suid-Afrika en Mosambiek
- Aansoekvorms vir ’n Suid-Afrikaanse visum
- In-vlug tydskrifte, reistydskrifte, die wêreldtydsonekaart in die telefoongids, advertensies, brosjures, ens.
- ’n Program/skedule van die Wêreldbeker-sokkerwedstryde wat in 2010 in Suid-Afrika gespeel gaan word.
- Inligting oor die Wêreldbeker-sokkerstadions wat in 2010 gebruik sal word.
- Inligting oor wildparke in Suid-Afrika
- Inligting oor avontuurtoerisme in Mosambiek

GEVALLESTUDIE

Jy het onlangs begin werk as ’n toeroperateur vir ’n Suid-Afrikaanse besigheid wat in toere spesialiseer vir kleiner groepe vanaf Brasilië. Die besigheid maak gebruik van die volgende lugrederye: SAL, SA Airlink, SA Express en Mango.

Jy het die opdrag gekry om ’n toer te beplan vir twee getroude Brasiliaanse paartjies in hulle vroeë twintigs. Hulle is sokkergeesdriftiges en wil na Suid-Afrika reis vir die Wêreldbeker-sokkertoernooi in 2010. Hulle is ook geïnteresseerd in wildlewe en hou van fotografie.

Die paartjies wil graag na een wedstryd teen Brasilië gaan kyk, na ’n ander wedstryd op ’n groot skerm in ’n bewonderaarspark en ’n kwart-eindstryd bywoon. Die drie wedstryde moet op 3 verskillende dae by 3 verskillende plekke plaasvind. Hulle wil vir drie dae ’n wildpark in Suid-Afrika besoek. Hulle is ook avontuurverslaafdes en wil vir drie dae enige soort avontuur in Mosambiek beleef. Die totale tydsduur van die toer moet minstens 11 dae wees.

Die paartjies sal vanaf Sao Paulo vertrek. Hulle sal op OR Tambo Internasionale Lughawe land en kan op dieselfde dag ’n aansluitingsvlug na die eerste provinsie neem waar hulle na hul eerste Wêreldbeker-sokkerwedstryd gaan kyk.

Die eerste en laaste dag van hulle toer sal gebruik word vir reis tussen die plek van akkommodasie en die lughawe. Dis nie ’n vereiste dat hulle dieselfde internasionale lughawe gebruik vir aankoms en vertrek nie.

Hulle vervoer sal bestaan uit vlugte en voertuie wat by die lughawe gehuur en ingehandig word. Hulle moet, waar moontlik, vlieg. Wanneer ’n voertuig gehuur word, word geen PAI uitgeneem nie.

Hulle wil in plekke tuisgaan met 3- of 4-ster fasiliteite, behalwe tydens die avontuur in Mosambiek, waar die akkommodasie sal afhang van die tipe aktiwiteit.

Fase 1: Beplanning van die toer

	Kriteria	Beskrywing	Punte
1	1.1 Voorblad 1.2 Tweede bladsy	Naam van onderneming, datums van toer, naam van kliënte, naam van toer, vertrek en bestemming ens. Kreatief. Geen spelfoute. (5) Inleidingsparagraaf om die doel van die toer te verduidelik. (5)	**10**
	Doen navorsing	*Kies 3 Wêreldbeker-sokkergebeure soos deur die toeriste versoek.* *Kies 'n wildpark in Suid-Afrika.* *Doen navorsing oor avontuurtoerisme in Mosambiek en kies 'n 3-dag reis vir jou kliënte.*	
2	Roetebeplanning en roetekaart.	Gebruik 'n **padkaart** van Suid-Afrika en beplan 'n roete vir die toer deur SA en Mosambiek. Gebruik nou 'n **buitelynkaart** van SA en 'n viltpen (khoki/"highlighter") om die roete wat gevolg gaan word vanaf aankoms op OR Tambo Lughawe tot die dag van vertrek na Brasilië aan te dui. Reisafstande vir die verskillende bene (dag 2 – dag 10) van die toer moet op die kaart aangedui word. Dui lughawens wat gebruik sal word, sowel as die plekke van akkommodasie aan. *Die kaart moet begrip toon van logies roetebeplanning en realistiese daaglikse reisafstande. ('n afstand van ± 100 km word in een uur afgelê)*	**15**
3	Wedstryd teen Brasilië	Verskaf die volgende inligting oor die wedstryd teen Brasilië: • Naam van die stadion en die stad (2) • Spesiale kenmerke van hierdie stadion, met illustrasies / Prente / foto's van die stadion (5) • Naam van die span wat teen Brasilië speel en hulle land van herkoms (2) • Kort paragraaf oor die ligging van die stadion ten opsigte van van omliggende infrastruktuur en besighede wat vir jou kliënte van belang sal wees. (3) • Pryse van kaartjies (realistiese geskatte pryse is aanvaarbaar) (1) • Begintyd van die wedstryd in Suid-Afrika en plaaslike tyd in Brasilië. Wys berekenings. (2)	**15**
4	Wedstryd waarna gekyk gaan word in bewonderaarspark	Verskaf die volgende inligting oor die wedstryd waarna in 'n bewonderaarspark gekyk gaan word: • Die naam van die bewonderaarspark en die stad (2) • Enige inligting oor hierdie bewonderaarspark (wat neem jy saam, waarop sit jy, ens.) (4) • Begintyd van die wedstryd in Suid-Afrika en plaaslike tyd in Brasilië. Wys berekenings. (4)	**10**
5	Wildpark in Suid-Afrika	Verskaf die volgende inligting oor die gekose wildpark: • Naam en ligging (2) • Illustrasies/prente/foto's (2) • Tipe park / (beskryf watter fauna/flora in hierdie park • aangetref word.) (3) • Toegangsfooie na die park (geskatte fooie is aanvaarbaar) (1) • Fasiliteite beskikbaar (3) • Ander interessante feite, bv. kort geskiedenis van park, geografiese kenmerke, ander spesiale kenmerke (4)	**15**

6	Avontuur in Mosambiek	Verskaf die volgende inligting oor die avontuurreis na Mosambiek • Noem die tipe avontuur en die ligging (2) • Beskryf die avontuur en illustreer met prente / foto's (4) • Ander interessante feite oor hierdie avontuur, bv. fasiliteite beskikbaar, realistiese tariewe (4)	**10**
7	Akkommodasie	• Kies akkommodasie (3- of 4-ster) vir die toer. Gee die name en ligging van die plekke en dui dit met rooi sterre op jou roetekaart aan. (10) • Verduidelik vir jou kliënte wat hulle kan verwag van hierdie 3- of 4-ster akkommodasiefasiliteite. (5) *(Die toeriste kan vir een of meer nagte in een plek bly, op voorwaarde dat dit binne bereik van die aktiwiteite is.)*	**15**
8	Internasionale tydverskille	• Verduidelik die konsep van vlugvoosheid. (2) • Noem VIER simptome van vlugvoosheid wat die Brasiliaanse toeriste mag ervaar. (4) • Maak VIER voorstelle hoe die Brasiliaanse toeriste die impak van vlugvoosheid kan verminder. (4)	**10**
		Totaal	**100**

Fase 2: Toerreëlings

	Kriteria	**Beskrywing**	**Punte**
1	Suid-Afrikaanse Visum	1.1 Noem die vereistes vir die verkryging van 'n SA visum. (4) 1.2 Voltooi 'n aansoekvorm vir 'n SA visum vir een van die toeriste. (4)	**8**
2	Vlugte vanaf en na Brasilië	2.1 Gebruik 'n SAL vlugrooster/-skedule en kies 'n vlug vanaf Sao Paulo na OR Tambo Lughawe en terug na Sao Paulo. "Highlight" die vlugte op die vlugrooster. (2) 2.2 Noem die volgende vluginligting vir elk van die twee vlugte: Vlugnommer, aankoms en vertrektye, tydsduur van die vlug (in ure) soort vliegtuig, hoeveelheid passasiers wat die vliegtuig kan vervoer, bagasie regulasies. (6) 2.3 Hoe laat sal dit in Suid-Afrika wees wanneer die vlug vanaf Sao Paulo vertrek? Wys berekenings. (2) 2.4 Verskaf die prys van EEN retoervliegkaartjie in ZAR. Gebruik huidige wisselkoers en skakel prys om na BRL. Wys berekenings. (3)	**13**
3	Instapkaart	Noem TWAALF inligtingsfeite wat op 'n Suid-Afrikaanse Lugdiens instapkaart voorkom.	**6**
4	Dag-vir-dag reisprogram	Gebruik die templaat aangeheg as 'n voorbeeld om die reisplan saam te stel. Elke dag moet afsonderlik uiteengesit word. Akkommodasie, attraksies en aktiwiteite moet net genoem word.	(2 elke vir dag 1 en 11, 4 elke vir 9 dae **40**
5	Motorverhuring	Gebruik 'n advertensie van enige motorverhuringsbesigheid. Kies 'n geskikte voertuig vir die besoek aan die wildpark. (1) Wys slegs die volgende berekenings: 1. Tarief per dag x 3 dae (1) 2. Geskatte afstand wat gery gaan word, trek gratis kilometers af (2) 3. Kilometerkoste (1) 4. Versekerings (2)	**7**

6	Akkommodasiekoste	Bereken die akkommodasiekoste vir enige VIER nagte vir een paartjie. Gebruik die templaat wat voorsien word. (4x3)	**12**
7	Voltooide PAT	Inhoudsopgawe (3) Bronne / Bibliografie (3) Gebruik van taal en toepaslike toerismeterminologie, spelling (4) Professionele, kreatiewe en logiese aanbieding. Baie netjies (4)	**14**
		Totaal	**14**

TEMPLATE

Akkommodasiekoste vir een paartjie (Voorbeeld)

Akkommodasie en etes by plek van akkommodasie.	**Berekenings**	**Totaal**
Akkommodasie 1 (dubbelkamer)	*Voorbeeld* *B&B = R1 500.00* *Aandete = R300* *Drankies = R60* *R1 860 x 4 nagte*	
Akkommodasie 2		
Akkommodasie 3		
Akkommodasie 4		
	TOTAAL	

Motorverhuring vir reis na wildpark (Voorbeeld)

Reis na wildpark	**Berekenings**	
1. Tarief per dag x 3 dae	*Voorbeeld*	
2. Geskatte afstand wat gereis gaan word, trek gratis kilometers af.	*Tarief per dag (R400) x 3*	*= R1 200.00*
	Geskatte km wat gereis word	*= 800km*
	Gratis km per dag (200) x 3 dae	*= 600km*
	800 km – 600 km	*= 200km*
3. Kilometerkoste	*Tarief per km (R1.20) x 200 km*	*= R240*
	CDW of SCDW per dag (R90)	*= R270*
4. Versekerings	*TLW of STLW per dag (R40)*	*= R120*

TEMPLAAT VIR 'N TYDGEBONDE REISPROGRAM

DAG: 1	DAG VAN DIE WEEK:	DATUM:
BESTEMMING VIR DIE DAG		
TYD	**AKTIWITEIT**	**ADDISIONELE INLIGTING**

VOORBEELD VAN 'N TYDGEBONDE REISPLAN

DAG: 1	DAG VAN DIE WEEK: VRYDAG	DATUM: 11 JUNIE 2010
BESTEMMING VIR DIE DAG: JOHANNESBURG NA DURBAN		
TYD	**AKTIWITEIT**	**ADDISIONELE INLIGTING**
07:15	Vertrek vanaf O R Tambo Internasionale Lughawe na Durban	SA Express Vlug nommer SA1102 (ligte ontbyt sal op die vliegtuig bedien word)
08:30	Arriveer op Durban Internasionale lughawe	Hotel pendelbussie beskikbaar @ R25 pp nie by toerprys ingesluit nie)
09:00	Boek in by Protea Hotel North Strand	Prys sluit slegs ABO ("DBB") in
09:00 – 10:30	Pak uit en verken strandarea naby hotel	
10:30 – 13:00	Begeleide toer na Indiese mark. Jou toergids sal jou in die hotel se voorportaal ontmoet. Vervoer sal voorsien word. Inkopiegeleentheid	• Ingesluit by die toerprys • Operateur: Market Tours Inc. • Dra stapskoene
13:00	Middagete by Ocean Basket (Esplanadeweg 1234, Marine Parade)	• Ingesluit in die toerprys • Geen alkohol word bedien of is toelaatbaar nie • A la carte-spyskaart
14:30 – 17:30	Begeleide toer na uShaka Marine World en vryetyd (wateraktiwiteite/ inkopies)	Toegangsfooie ingesluit.
17:30 – 19:00	Vryetyd en ontspanning – verken area naby hotel	
19:00 – laat	Aandete – hotel restaurant. Optrede deur 'n orkes en dans op die terras/stoep	• Ingesluit in toerprys • Semi-formeel (geen jeans/kortbroeke)

Kopiereg voorbehou